APRIL 2020

REPRIEVE

DEELNEMER-NUUSBRIEF

REPRIEVE en COVID-19 REPRIEVE-deelnemers se gesondheid is baie belangrik vir die REPRIEVE-studiespan. Vir nuus oor REPRIEVE en COVID-19, besoek asseblief ons webwerf by www.reprievetrial.org.

'n Boodskap van Dr. Steve Grinspoon en Dr. Pam Douglas, medehoofondersoekers van REPRIEVE





Die REPRIEVE-studie begin nou met hul 5de jaar van data-insameling. Dit wat ons by REPRIEVE-deelnemers leer oor hartsiekte, kan mense wat met MIV leef, regoor die wêreld beïnvloed. U behoort trots te wees dat u 'n betekenisvolle en blywende wêreldwye bydrae gelewer het tot die studie van hartsiekte in MIV vir die jare wat voorlê.

U deelname maak saak!

Alhoewel daar baie REPRIEVE-deelnemers is, is elke individu se deelname uiters belangrik. Deur aan REPRIEVE deel te neem en alle studiebesoeke te voltooi, kan u 'n belangrike bydrae maak tot ons kennis van MIV en hartsiekte, wat langdurige voordele vir u generasie en toekomstige generasies van mense wat met MIV leef, kan inhou.

Moenie vergeet nie!

Lig REPRIEVE-studiepersoneel in oor enige nuwe medikasie wat sedert u vorige studiebesoek aan u voorgeskryf is. Dit sal verseker dat u nie enige medikasie neem wat nie tydens u deelname in REPRIEVE toegelaat word nie.

Ontmoet Ander REPRIEVE-deelnemers!

Ongeag van die feit dat daar wêreldwyd meer as 7 500 REPRIEVE-deelnemers is, is elke REPRIEVE-deelnemer uniek!

Ontmoet Marcus Conway, vanaf College Park, MD, VSA

Marcus leef al vir meer as drie dekades met MIV. Hy bestee sy tyd deur met honde te gaan stap en deur aktief te bly in die gemeenskap. Hy glo sterk dat sy lang lewe met MIV verband hou met die feit dat hy sy medikasie soos voorgeskryf neem, 'n gesonde dieet het en aan fisiese aktiwiteite deelneem. Marcus het gehelp om ondersteuningsgroepe te begin en te bestuur vir ander mense wat vir baie jare al met MIV leef, en hy beskou homself as 'n aktivis.

Marcus neem al vir byna twee jaar deel aan REPRIEVE. Hy glo werklik dat die beste aspek van deelname aan 'n kliniese studie is dat mens meer oor 'n siekte of kwaal kan uitvind. Hy glo dat sy deelname aan REPRIEVE hom gehelp het om meer kennis oor MIV en voorkoming van hartsiekte in te win. Hy is hoopvol dat REPRIEVE se resultate sal wys dat voorvalle van hartsiekte met die gebruik van statienmedikasie voorkom kan word.

REPRIEVE-feite

Dankie vir u deurlopende deelname!

- REPRIEVE is die grootste verewekansigde, gekontroleerde studie tot op hede vir mense wat met MIV leef! U is deel van hierdie mylpaalstudie.
- Ons vier die 5de jaar van opvolging in REPRIEVE!
- Die 7 770ste deelnemer is in Julie 2019 ingeskryf!
- Die REPRIEVE-webwerf het nou 'n deelnemer-samekomsbladsy waar u met mededeelnemers kan gesels en u REPRIEVE-verhaal kan deel! Gaan na hierdie skakel: http://www.reprievetrial.org/for-participants/

Fokus op bevindings:

Ons het duidelik gehoor dat u wil weet hoe u deelname aan REPRIEVE bydra tot navorsing oor MIV en hartsiekte.

Noudat inskrywing by REPRIEVE afgehandel is, het ondersoekers begin om verslae te publiseer oor die werwing van REPRIEVE-deelnemers soos u en oor die gesondheidstatus van deelnemers ten tyde van hul inskrywing by die studie. Daar sal baie publikasies in die toekoms uit hierdie data vloei. ***Hier onder is net 'n paar maniere waarop ons daaraan werk om ons bevindings met die gemeenskap te deel.***

Daar is 'n artikel in die vaktydskrif "*HIV Research & Clinical Practice*" gepubliseer oor die metodes wat ons gebruik het om REPRIEVE-deelnemers te werf. Die artikel, getiteld "Successful recruitment of a multi-site international randomized placebo-controlled trial in people with HIV with attention to diversity of race and ethnicity: critical role of central coordination" (suksesvolle werwing van 'n multisentrum- internasionale verewekansigde plasebogekontroleerde studie in mense met MIV, met aandag aan diversiteit van ras en etnisiteit: kritieke rol van sentrale koördinering) vertel van die grootskaalse werwingspogings wat deur die kliniese koördineringsentrum en kliniese navorsingsentrums onderneem is en beskryf REPRIEVE se suksesvolle werwing van meer as 7 500 deelnemers en hoe dit tot op hede die grootste verewekansigde plasebogekontroleerde kliniese studie in MIV en hartsiekte geword het!

Ons beplan om 'n stel artikels te publiseer wat *uitsluitlik* bevindings van REPRIEVE-deelnemers sal insluit. Artikelonderwerpe sluit onder andere in die patrone van antiretrovirale gebruik en immuunfunksionering volgens wêreldstreek van inskrywing, kliniese eienskappe van deelnemers in die hele transgender spektrum en veroudering van voortplantingspotensiaal onder cisgender vroue. Daar sal ook artikels ingesluit word oor komorbiditeite (mediese toestande benewens MIV), insluitend nierdisfunksie, verswaktheid en miokardiale steatose (vet in die hartspier). Dit is net die begin van die bevindings wat ons met u sal kan deel en dit kom alles uit REPRIEVE, die studie waarvan u deel vorm. Sodra die stel artikels gepubliseer is, sal ons kort opsommings saamstel om met u te deel.

Ons bied data by kongresse aan! Meer as 600 van u neem deel aan die **Pitavastatin to REduce Physical Function Impairment and FRailty in HIV** (PREPARE) studie, wat 'n kleiner studie binne REPRIEVE is om die impak van die studiebehandeling op spier- en fisiese funksionering te evalueer. Daar is basislynresultate van 266 deelnemers voordat hulle met studiebehandeling begin het, by die 2020 Conference on Retroviruses and Opportunistic Infections (CROI) (kongres oor retrovirusse en opportunistiese infeksies) aangebied.

Die studiespan het gevind dat belemmering van fisiese funksionering en voorafverswaktheid algemeen was by middeljarige mense met MIV. Hulle het egter gevind dat fisiese aktiwiteit en liggaamsmassaindeks ('n manier hoe liggaamsvet gemeet word) faktore is wat verdere afname in fisiese funksionering met ouderdom kan voorkom.

Hoe hou my lewenstyl verband met my bloeddruk?

Hoë bloeddruk is 'n groot risikofaktor vir hartsiektegebeure soos 'n hartaanval of beroerte. U weet dit dalk nie, maar die dinge wat u doen en die kosse wat u eet het 'n invloed op u bloeddruk en algemene gesondheid. Bloeddruk kan verlaag word deur aandag te gee aan sekere lewenstylgewoontes. Hier is dinge wat u kan doen:

- Eet minder sout (natrium) deur vars vleis eerder as verpakte vleis en vars vrugte en groente eerder as geblikte vrugte en groente te eet.
- Beperk byvoorbeeld voorbereide of verpakte souse, mengsels en kitsprodukte soos gegeurde rys.
- Doen vir minstens 30 minute elke dag, meeste dae van die week, iets aktiefs – dit kan iets so maklik wees as om 'n bietjie deur u buurt te gaan stap.
- Vermy ongesonde gewoontes soos om te begin rook. As u reeds rook, kry hulp by u kliniek, versorgingsverskaffer, gesin of vriende om te kan ophou.

Bronne van natrium (sout) in kos

Aangepas vanuit He FJ et al, Prog Cardiovasc Dis 2010; 52:363

Baie dankie aan ons borge: NIH National Heart, Lung, and Blood Institute; NIH National Institute of Allergy and Infectious Diseases; ACTG AIDS CLINICAL TRIALS GROUP; Kowa; GILEAD